

# Die storie van die dae (Vrydag en Sondag)

Skrifgedeelte wat pas hierby: Romeine 8 van 3 tot 39.

Geskryf deur Louis Maritz

Karakter	Kosie is Kosie...jong seuntjie. Wysneus is Wysneus, alias, Kiep, Kentucky, Wyse hoender
Kosie	<i>(Kop skud en geboëe hoof)</i> JoJoJo dit gaan swaar..aijaijai...hierdie is sowaar 'n sukkel jaar...almal wat my kan hoor .....hierdie is 'n sukkel jaar .....glo vir my 'n sukkeljaar...
Wysneus	Wat...wat sê jy???
Kosie	Ek sê....en luister mooi ....want my pa en sussie stem saam hierdie is 'n Sukkel jaar, ons hele huis glo dis 'n sukkel jaar...
Wysneus	Waarvan praat jy? Wat beteken die sukkel jaar waarvan jy praat???...en waarmee stem jou sussie en pa saam? ....He?
Kosie	My pa sê dis 'n sukkel jaar want die Bulle gaan nie die jaar hond haar af maak nie...ek weet nie hoekom hulle met die honde deurmekaar is nie...maar hy sê een ding is soos 'n paal bo water: die bulle het 'n sukkel jaar....ek dink al die bull supporters se honde kruip weg sodat hulle nie gegooi kan word nie en dan so dalk van hulle hare kan verloor nie....dis tog al wat dit kan wees.
Wysneus	MMM ... OK... en hoekom sê jou sussie dis 'n sukkel jaar?
Kosie	My sussie sê Kosie uit elke 4 jaar is daar om seuns wat skaam is en sukkel om 'n meisie uit te vra te help.....hulle word gehelp in 'n sukkel jaar want dan vra die meisies die seuns....
Wysneus	Oooo.... nou verstaan ek waarvan jy praat. Jy bedoel 'n S K R I K K E L jaar en nie 'n sukkel jaar nie.
Kosie	Wat vir 'n ding is 'n skrikkel jaar...ek is seker my pa en sussie sê dis 'n sukkel jaar.
Wysneus	<i>(Praat stadig)</i> Luister stadig en luister mooi....
Kosie	Hoe luister 'n mens stadig? He?
Wysneus	OK....goed dan luister dan net mooi..... want ek gaan stadig verduidelik.
Wysneus	<i>(Praat hoog moedig)</i> Elke jaar het 365 en 'n kwart dae, ....maar ons kan tog nie 'n kort dag he nie so.... dit word oorgedra na die vierde jaar wanneer ons dan 366 dae het en dit word skrikkeljaar genoem....maklik ne 4 kwarte maak Kosie hele.....
Kosie	Ooooo ok nou weet ek hoekom noem hulle dit sukkel jaar want hulle sukkel om daai ekstra dag in te wurm ...ne... ne..en en en dan probeer hulle so hard en hulle druk so hard dat teen die vierde jaar kan hulle nie meer keer nie dan val hy net daar in en dan begin alles weer van voor af..ne ...ne..
Wysneus	Ja goed dan kom ons sê maar so.
Kosie	Ok maar dit laat my nou dink..mmm.... en ek weet nie of jy dit sal kan antwoord nie...meneer 365 en 'n kwart....ek het vir jou 'n vraag.....'n baie moeilike vraag...  Maats...hooi maats,.... dink julle ek kan maar die kiepie hier 'n moeilike vraag vra? Dink julle so? Dink julle sy is slim? Dink julle sy sal dit kan antwoord? Wyse kiep is jy reg?
Wysneus	Ek is baie slim ... en ek is altyd reg...
Kosie	Nou kom ons sien.. Elke jaar word ingedeel in maande en weke en dae.....is dit reg?
Wysneus	Ja KosieWysneus maande, 5Wysneus weke en elke week het 7 dae..... <i>(hoog moedig)</i> dis graad Kosie werk...so B.T.W. ....by the way...
Kosie	OK....so as 'n sukkel ...nee... ek bedoel skrikkel jaar 'n ekstra dag het watter dag kies hulle om by te sit??? Kies hulle 'n weeksdag of 'n naweekdag?? Daar het ek jou nou uitgeboul vir 'n eier 'n paas eier...hahahahaha

Wysneus	Ek sien waarheen jy oppad is Kosie....ek sien..
Kosie	Ek is nêrens heen oppad nie Wyse Kentucky...ek bly net hier tot jy vir my die antwoord gee.
Wysneus	Die dae op die kalender volg mekaar in kronologiese volgorde van een jaar na die volgende jaar.....hulle druk nie somer nog 'n Dinsdag of Saterdag iewers in nie..... .....Bou 'n nasie...
Kosie	Wat ... ag nee man jy sien dis hoekom ek in die begin gesê het dis 'n sukkel jaar en dit word alles gereël deur groot mense wat nie weet hoe nodig 'n kind nog so 'n Saterdag hier of daar het nie....daai krokodillogiese orde werk nou nie vir my nie...ek dink hulle moet daai ekstra dag sy eie naam gee...mmmm.....iets soos V A K A N S I E D A G.
Wysneus	Jy is heeltemal reg ons woon in 'n georganiseerde gemeenskap met reëls en regulasies en... groot mense maak daai reëls.
Kosie	Maar wie besluit die goed?..... kan ons nie staak en vra dat die reëls en regulasies verander word nie???
Wysneus	Koos, jy is nou heel op die verkeerde pad en jy kyk hopeloos te veel nuus...kom ek vertel jou 'n storie van Paasfees, en van die dae van die week en die evangelie...
Kosie	Wooueee jippee 'n storie ...  hey maats wil julle ook die storie hoor??
Wysneus	Ja en as jy mooi luister kan jy die storie vir jou maatjies en jufrou by die skool ook vertel....en dalk is daar 'n paar van daai groot mense wat die reëls maak en te veel nuus kyk, dan vertel jy somer vir hulle ook....reg soo???
Wysneus	Wat het laas naweek gebeur?
Kosie	Dit was vakansie en ons hoef nie kerk toe te gekom het nie...maar ons het want dit was Paasfees.
Wysneus	Goed, laas naweek was Paasfees....wat nog...
Kosie	En ons het paas eiers gekry....sulke lekkie tjoklit en mashmellow....en so tjoklit hoender... ( <i>verontwaardig</i> ) ooo nee moenie vir my se nie asseblief..ek voel nou baie sleg...ooo ek is baie jammer....dit was my sussie sy het gesê ons moet dit eet....dit was sy..
Wysneus	Toemaar daai tjoklit hoenders is nie familie nie.....( <i>saggies mompelrig</i> ) my pa sê,... hulle is aangetroude skoonfamilie...net die bitter donkerres...  Koos jy lat my van my storie afdwaal...
Wysneus	Nou wat het die Vrydag gebeur?
Kosie	Dit was nagmaal en ons het die dag herdenk toe Jesus aan die kruis gesterf het.
Wysneus	Jy het baie mooi geluister.... So op die Vrydag ...het Jesus vir ons sondes gesterf....reg,... so kom ons vat die storie nou met 'n draai....wat is die betekenis van "VRY" ...soos in Vrydag?  .....het jy jou woordeboek by jou?
Kosie	OOO gatta patta.. ( <i>benoud</i> )..ek het my huiswerk gedoen en my boek hier ...hier iewers in die saal vergeet...Maatjies kan een van julle my asseblief help.....( <i>nog meer benoud</i> )...ooo ek gaan in sulke groot moeilikheid wees as my boek weg is.... help asb wie het 'n blou boek op sy stoel gekry? Oo dankie tog... Maak dit oop....asb lees gou vir die wyse hoender wat die woord "VRY" beteken.
Wysneus	Baie dankie...so ons sien die woord VRY het 'n paar betekenis...maar wat vir ons belangrik is, is dat dit VERLOS beteken...Jesus het gesterf om ons te verlos van ons sondes....of om ons VRY te maak van ons sondes.....
Kosie	So as ek nou my boeke hier vergeet en ek kom by die skool en ek sê vir die juffrou my boek is gesteel...en ek bid gou om te sê ek is jammer dat ek gejoj het, is ek dan OK...
Wysneus	Nee 'n mens speel nie speletjies met die Here nie... ons moet nie aspris sonde doen, soos jok en dan net voor ons uitgevang word, probeer agter Jesus wegkruip nie.....Hy weet wat ons doen en Hy sal ons straf op sy tyd en sy manier.

Kosie	<i>(Benoud)</i> Joe, ek is nou baie bang...ek wil nie weer stout wees nie...of jok nie...
Wysneus	Goed so!... Koos wat het die Sondag gebeur?
Kosie	Ons het weer kerk toe gekom....en nog paaseiers gekry.
Wysneus	Wat het die oom dominee gesê, hoekom moes ons die Sondag ook kerk toe kom?
Kosie	Want dit is die dag wat Jesus uit die dood opgestaan het.
Wysneus	Jy is Kosie00% reg.
Kosie	En dis nie die eeste keer dat ek Kosie00% kry nie.
Wysneus	Baie mooi, so as ons aan Vrydag dink, dink ons aan verlossing. Waaraan gaan ons dink as ons aan Sondag dink?
Kosie	<i>(Benoud)</i> OOO gonnatjie tog maatjies help weer wie het my boek???  Asseblief .....lees ...wat staan daar wat beteken SON soos in Sondag? <i>(Iemand lees)</i>
Wysneus	Baie dankie...so ons sien die woord SON het ook 'n paar betekenis...maar wat vir ons belangrik is is dat dit HELDER LIG beteken.  Jesus wil vir ons soos 'n helder lig wees....dis hoekom Hy opgestaan het..
Kosie	Joe, my sussie was nou die aand baie bang baie bang toe dit hier geweerlig het en dit het so KABAAA geslaan.... <i>(bewerige stem)</i> ...joe ek ook ..ek..ek.. bedoel.. ek het opstaan en vir haar die kamer lig aan gesit...toe was ons eee ek bedoel sy baie kalm en rustig em nie meer bang nie..
Wysneus	Koos jy is reg, as dit donker is in ons lewe en ons het sonde, dan moet ons vir die Here vra om ons sonde te vergewe en Hy moet sy Lig in ons lewens kom skyn...en hoe meer kans ons Hom gee om lig te bring, hoe helderder kan ons skyn. Net soos jy die lig vir jou sussie aangesit het. Het jy al daardie liedjie gehoor " <i>Jesus roep my vir 'n sonstraal</i> "?
Kosie	Maar Wysneus sê vir my hoe weet ek wat die Lig is wat die Here op my pad bring, en hoe kan ek hom meer kans gee?
Wysneus	Dit is nou die maklikste vraag wat jy my nog gevra het....Het jy al daar die liedjie gehoor <i>Ek is bly ek ken vir Jesus</i> met die woorde " <i>Ek is bly ek het 'n bybel wat ek elke dag kan lees</i> "...
Kosie	Is dit al?
Wysneus	As jy jou Bybel lees en en bid dan gebruik die Here dit om met jou te praat.....so as jy jou Bybel lees en Sondagskool toe kom en kerk toe kom en LUISTER, sal jy gou weet wat reg, en wat verkeerd is. Jy sal dit wat reg is, graag wil doen ...en jou LIG sal al hoe helderder kan skyn.
Kosie	Is jok dan sonde?
Wysneus	Ja.
Wysneus	Maar Jesus is lief vir ons en hy het op die Vryda.....
Kosie	<i>(Onderbreek vir Wysneus....skree dit uit)</i> ...Hy het op die Vrydag vir ons sondes gesterf sodat ons VRY kan wees!
Wysneus	En hy het op die Sonda....
Kosie	<i>(Onderbreek vir Wysneus... skree dit uit)</i> ....Hy het op die Sondag opgestaan sodat hy ons LIG kan wees!
Wysneus	Koos jy is heeltemal reg.. jy het baie mooi geluister ek is trots op jou...
Kosie	Ek is sooooo bly jy het my die storie vertel het van Vrydag en Sondag... Ek gaan nie nou meer worrie oor sukkel jare en al daai goed wat mense laat stres nie en daai goed wat die nuus mense in ons ore af druk nie....  ...ek gaan die Vrydag, Verlossingsdag en Sondag, Ligdag storie nou vir almal vertel.